Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

14 Junie 2018

The Chairperson/Die Voorsitter
Constitutional Review Committee / Grondwet Hersieningskomitee
Ms Pat Jayiya
Committee Section
P.O. Box 15
Cape Town 8000
pjayiya@parliament.gov.za
021 403 3661
081 441 0345
W/S 091, 3rd Floor 90 Plein Street Building

Insake:
National Assembly and National Council of Provinces has mandated the Constitutional Review Committee to *review section 25 of the Constitution and other sections where necessary*, to make it possible for the state to;
1 *- **expropriate land in the public interest without compensation*** and
2 *- propose the necessary constitutional amendments where applicable with regards to the kind of future land tenure regime needed.*



HAVE YOUR SAY

CONSTITUTIONAL REVIEW COMMITTEE

INVITATION FOR PUBLIC SUBMISSIONS

REVIEW OF SECTION 25 OF THE CONSTITUTION

The National Assembly in concurrence with the National Council of Provinces has mandated the Constitutional Review by Committee to:

(a) review section 25 of the Constitution and other sections where necessary, to make it possible for the state to expropriate land in the public interest without compensation;
(b) propose the necessary constitutional amendments where applicable with regards to the kind of future land tenure regime needed.

As part of exercising the constitutional obligation to facilitate public participation, the Committee invites written submissions from all stakeholders on the necessity of, and mechanisms for expropriating land without compensation.

In addition to the written submission, please indicate your interest in making an oral presentation to the Committee.

The closing date for written submissions and requests for oral representation is Thursday, 31 May 2018.

Enquiries, as well as written submissions, can be addressed to Ms Pat Jayiya, Committee Section, PO Box 15, Cape Town 8000, email pjayiya@parliament.gov.za, tel. 021 403 3661, fax 086 465 0678, cell 0814410345. Hand-delivered submissions can be submitted at W/S 091, 3rd Floor, 90 Plein Street Building.

Issued by Hon. LP Nzimande MP and Hon. VG Smith MP
Co-Chairpersons: Constitutional Review Committee

Parliament. Making Democracy Work.

Die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK] aanvaar hiermee die uitnodiging om tot dié debat toe te tree en reageer as volg op die beoogde wysiging van artikel 25 van die grondwet met die doel om grond in publieke belang te onteien sonder vergoeding:

> **Ons as Boere-Afrikanervolk mag nie die beoogde grondonteiening onbestrede laat nie. Daardeur sal ons die aantuigings van sonde**

teen ons erken, ons uitkoms as Protestantse vlugtelinge hierheen verafsku en ons Geloftes met God Drie Enig verloën.

Ons geloof in God Drie Enig laat dit nie toe nie!

Hiermee bied ons teenstand teen die beoogde wetgewing en die motivering daarvan, wat direk teenstrydig is met ons ontstaan, bestaan, voortbestaan, geloof en kultuur.

A: <u>Die GKK is van oordeel dat die beoogde wysiging van artikel 25 van die grondwet nie in belang van enige inwoner van die land is nie, vir een of meer van die volgende redes:</u>

1. **Die gemenereg ondersteun nie die beoogde wysiging nie.**
2. **Die aanwending, toepassing en interpretasie van die definisie van eiendomsreg (nasionaal en internasionaal), ondersteun nie die beoogde wysiging nie. Grond kan slegs onteien word deur die heersende Onteieningswet en nie deur artikel 25 van die grondwet nie (subsidieêre begingsel), die voorgestelde wysiging van die Onteieningswet van 2016, is nog steeds nie gefinaliseer nie.**
3. **Die beoogde wysiging is agenda-gedrewe, welke agenda daarop geskoei is om uiting te gee aan die bepalings van die beoogde Nuwe Wêreld Orde (voetnota 17 en 18, Aanhangsel 1 en pres. Ramaposa se 2018 Vryheidsdag-toespraak.). Die uiteinde van die beoogde wysiging sal die hele bevolking nadelig raak, omrede die wysiging direk private eienaarskap verbied. Die GKK nooi die regering uit om die teendeel te bevestig en sodoende te verduidelik.**
4. **Die kriteria en voorvereistes vir enige geldige grondeis in terme van al die hervormings-grondwette in die huidige bestel, is dat die aanspraakmaker konkrete bewyse moet voorlê, wat hom in staat sal stel tot 'n eis. By die gebrek aan feitlike brondokumente is 'n grondeis ongeldig en ontoelaatbaar. Die stellings dat grond gesteel is, is sonder enige feitlike stawing. So ook die stelling dat die grond aan die inheemse bevolking behoort, bedoelende die nie-blanke volke - Sien Aanhangsel 1. Inheems beteken iemand se geboorteland waardeur hy/sy burgerskap bekom. Aansluitend tot Aanhangsel 1, het Julius Malema op 25 Mei 2018 gesê dat swart volke [wat tans aanspraak maak op blanke eiendom] almal van sentraal Afrika afkomstig is, wat die bewering van diefstal van grond vanuit hul kraal, absurd maak - [1].**

[1] The Citicen 25.05.2018 - The commander in chief also spoke directly to those South Africans who referred to African foreigners as "makwerekwere" to stop it.
"We hate one another today, we kill one another today, because we don't know who we are.
"We call people Zimbabweans, we call people Malawians, we call people who come from outside makwerekwere (a slang for foreigners in South Africa). Where else we are makwerekwere **ourselves because we come from where those people come from.**
"None of us. We come from where those people come from," Malema said.
He said the Khoi and San people were the original inhabitants in South Africa and that no one else was from South Africa.

5. **Die beoogde wysiging is in direkte kontras met die Boere-Afrikanervolk se Godsdienstige-, Kulturele- en Sosiale begingsels.**
6. **Die beoogde wysiging is in direkte kontras met die Geloftes van Bloedrivier en Paardekraal.**
7. **Die beoogde wysiging stel 'n regverdigings-grond vir die Boere-Afrikanervolk om 'n eis in te stel in terme van die Wet op die Restitusie van Grond-Regte, saamgelees met die Eiendoms-klousule van die grondwet en enige ander toepaslike grondhervormings-wette. (Die effek hiervan sal die restitusie van die grondgebied van Transvaal en die Oranje Vrystaat bewerkstellig, welke grond aan die Boere-Afrikanervolk behoort).**

   Die meriete ter stawing van die beoogde eis word *inter alia* omvat in die volgende:

   - **Die aanloop tot en die sluiting van die Verdrag van Vereniging.**
   - **Die inhoud van die Verdrag van Vereniging bevestig die grondgebied asook die eienaarskap van die grondgebied.**
   - **Die inhoud en legimiteit van die Bloedrivier- en Paardekraal Geloftes, bevestig die dieper reg op hierdie grondgbied.**
   - **Die Paardekraal Gelofte het gehandel oor die herowering van die Transvaal en Vrystaat. Dit is deur God toegestaan. Ons kan nie daaraan toevoeg of wegneem nie. Die restant van die grongebied buite Transvaal en die Vrystaat kan derhalwe nie aanspraak op gemaaak word nie, maar beteken nie dat volksgenote wat huidig grondeienaars in die Kaap en Natal is, nie deel vorm van die uiteinde van hierdie bestel nie.**

<u>Die GKK bevestig dat hulle die Boere-Afrikanervolk [Geloftevolk] verteenwoordig wat hulle assosieer met die volgende gebeure in hulle volksgeskiedenis.</u>

1. **Die Groot Trek vanuit die Kaapkolonie sedert 1836 en die redes wat aanleiding gegee het vir dié Trek.**
2. **Die slag van Bloedrivier op 16 Desemeber 1838.**
3. **Die direkte oorsake en gevolge wat aanleiding gegee het tot die Gelofte van Bloedrivier.**
4. **Die Geloftes van Bloedrivier [i] en Paardekraal [ii] [Sien Eindnotas]**

"We came from the north and the Khoi and the San people were in Southern Africa. The Khoi and the San welcomed us here and we settled here," Malema said.

He said EFF supporters should welcome people from other countries the same way the Khoi and the San welcomed them.

"This is our history," Malema said.

Malema said fellow South Africans should not see people from Tanzania as their enemies, but rather celebrate African leaders such as Dr Kenneth Kaunda of the former Northern Rhodesia, Julius Nyerere of Tanzania and Thomas Sankara of Burkina Faso, who had welcomed the ANC and PAC in exile.

5. **Die onafhanklike republieke wat veertien jaar na die slag van Bloedrivier ontstaan het, te wete die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) en die Republiek van die Oranje Vrystaat (Vrystaat).**
6. **Die twee Vryheidsoorloë gedurende die tydperke 1880 – 1902.**
7. **Die vlae waaronder die burgers geveg het te wete die Vierkleur, en die Oorlogsvlag.**
8. **Die Verdrag van die Vrede van Vereniging, aangegaan deur en tussen Brittanje en die verteenwoordigers van die Boererepublieke.**
9. **Die inhoud van die Bloedrivier- en Paardekraal Geloftes bevestig die reg op hierdie grondgbied.**

B: President Ramaphosa het in die aanloop tot die 27 Feb. 2018 parlements-sitting [asook daarna] verskeie uitlatings gemaak, wat hiermee in perspektief tot die beoogde wysiging van die grondwet gebring word.

Hiermee 'n deel van pres. Ramaphosa se repliek op sy staatsrede:

CAPE TOWN – President Cyril Ramaphosa on Tuesday [20 Feb.] said expropriation without compensation **was the only way to resolve the land issue in South Africa.**

He made the comments while delivering answers on the State of the Nation Address (SONA) debate in Parliament, Cape Town.

Members of Parliament (MPs) on Monday unpacked his maiden SONA speech, which he delivered on Friday night [16 Feb].

A recurring question from the opposition is how the government plans to deal with expropriation of land without compensation, while the Democratic Alliance (DA) wanted to know how and when Ramaphosa would deal with the size of his Cabinet.

WATCH: Land issue heats up at SONA debate
DA leader Mmusi Maimane on Monday suggested that expropriating land without compensation is a conflict with a flourishing economy.

In his response on the issue, Ramaphosa said: "**The taking of land from the indigenous people of this country was the original sin…**"

"We are called on to heal the divisions and the pain of our past and this is a **collective task**," the president said. "It's not the task of the ANC alone, **it's our task as a nation**… Yes, [EFF leader Julius] Malema, it is your task as it is mine. Maimane - it is your task as much as mine. It will **heal the divisions of our past**, whether we like it or not that pain persists… I met a man who said he was moved from District Six to Athlone and that is a pain we must address - a division we must heal."
https://www.timeslive.co.za/politics/2018-02-20-in-full--ramaphosas-reply-to-the-state-of-the-nation-debate/

<u>Hieruit is dit duidelik dat</u>:

a. Die kolonialisering van die inheemse volk se grond, die oorspronklike sonde is wat gepleeg is,
b. Die grondgebied van die RSA eintlik aan die die inheemse volke van die land behoort.
c. Die konfiskering van grond in blanke besit, die enigste manier is om die grondhervorming-kwessie op te los.
d. Die segregale beleid van die verlede, pynlik was en dat dit 'n kollektiewe poging van die nasie sal verg om die nadelige gevolge van dié verdelings uit die weg te ruim.

1. **Pres. Ramaphosa se aantuigings:**
   a) **<u>Die kolonialisasie van die inheemse volke se grond, as die oorspronklike sonde wat gepleeg is, het betrekking:</u>**
   Dit volg op 'n uitlating in sy staatsrede[2] waarin hy gesê het dat die grond wat tydens koloniale apartheid van die inheemse volk weggeneem is, terug besorg moet word. Hy het, gedurende die week voor die 106de viering van die ANC se bestaan [6 Januarie 2018], hulde gebring aan hul voorvaders, deur die grafte van vorige ANC presidente[3], te besoek.

> Die doel van hierdie besoeke was om die bonatuurlike geestelike kragte van die ontslape presidente opnuut op te wek ter bereiking van hul doelwitte.

Pres. Ramaphosa se tradisionele rituele sluit aan by dié van sy voorganger Jacob Zuma, wat tydens die 103de

[2] PARLIAMENT - President Cyril Ramaphosa on Friday said the December 2017 resolution by the ruling African National Congress (ANC) of expropriating land without compensation will not be taken off the table.

> "We are determined that expropriation without compensation should be implemented in a way that increases agricultural production, improves food security and **ensure that the land is returned to those from whom it was taken under colonialism and apartheid**."

[3] Ramaphosa told the just over 1000 guests – businesspeople, ANC office bearers, party leaders, fraternal party leaders, and even former ministers – **that he appealed to higher powers in the past week during a "revolutionary pilgrimage" to the graves of former ANC presidents. We were "shaking those bones" he said, explaining that it was a way of bringing alive the spirit of those who had departed.**

"We saw this pilgrimage as a way to rekindle the spirits of our former leaders, and as we were there, we felt we were in hallowed ground," he said, giving a rundown of the names of the former presidents usually only evoked in speeches.

It's clear that he went there to draw inspiration and courage for his task ahead, which is likely to include removing Zuma from the SA presidency.

Zuma, who had in previous years told voters that the ancestors would not forgive them if they didn't vote ANC, must have been moved by Ramaphosa's ancestral visits in some way. It really is his thing, as are the traditional leaders, who Ramaphosa also paid close attention and visits to in the past week. All this is about renewal and unity in the party, but also in the nation, with Ramaphosa as the project manager.

herdenking van die bestaan van die ANC, die verrigtinge geopen het met die uitbanning van die “gees” van Jan van Riebeeck.
Volgens CITY PRESS van Saterdag 10 Januarie 2015, het die ANC sy 103de verjaardagvieringe in die Kaapstad stadion herdenk. Die berig verklaar dat ná die sing van die Nkosi Nasionale volkslied en gepaardgaande gebede, daar by monde van ’n sangoma-tipe lofsanger verklaar is dat die plek eers gesuiwer moes word van die Gees van Jan van Riebeeck [’n Protestant]. Let op dat die Nkosi Nasionale volkslied een van die ANC se bevrydingsliedere is en dat die bewoording daarvan neerkom op ‘n gebed tot ‘n Afrika “heilige” gees.

Hierdeur het die ANC as regeringsparty ‘n amptelike geestesoorlog van stapel gestuur.

Luidens ‘n ander berig het die ‘sangoma’ die woord “exorcise” gebruik. Dié begrip illustreer geestelike uitbanning of beswering as deel van geestelike oorlogvoering:-
exorcises;

- drive out or attempt to drive out (a supposed evil spirit) from a person or place.
- “an attempt to exorcise a spirit”

Hieruit is dit duidelik dat die Heilige Gees van God-Drie-Enig, onder wie se leiding Van Riebeeck hierheen gekom het, en aan Wie hy erkenning gegee het vir die geseënde vestigingsjare by wyse van ‘n gelofte [1654], nie welkom is in die RSA nie en ook nie versoenbaar is met die Nkosi gees waarin die ANC-feesviering plaasgevind het nie.

Aansluitend by bovermelde aangeleentheid, het Jacob Zuma [as leier van die ANC en Staatspresident] by dié geleentheid se dinee verklaar dat hierdie land se probleme ontstaan het toe Jan van Riebeeck op 6 April 1652 voet aan wal gesit het en dat blankes nooit hierheen moes kom nie.

In terme hiervan het Zuma en sy sangoma-tipe lofsanger, die blanke Christendom aangeval, as sou die blanke Christendom ’n bose gees verteenwoordig en vervolgens die Gees van die Christendom ‘uitgedryf’.

Daar bestaan dus geen twyfel nie dat die Gees van die Christendom verskil van die gees van die swart inheemse volke en dat daardie verskil deur Zuma en die ANC bely word.

Deur spesifiek na die wit mense as die ontstaan en daarom bestaan van die land se probleme te verwys, en

hul godsdiens daarby te betrek, het Zuma 'n rasse- en geestelike oorlog ontketen wat nie deur die blanke Protestante daar gelaat kan word nie.

Hierdie ongevraagde kritiek van Zuma negeer die gesindheid van Jan van Riebeeck wat hom op 6 April 1652 onder andere laat bid het dat:

> "…onder dese wilde brutale menschen Uwe ware Gereformeerde Christelijcke Leere mettertijd mochte voortgeplant ende verbreijt worden".

Dié staatshoof se minagting van die Westerse beskawing en die gepaardgaande sendingaksies sedert 1652; die hele skare toehoorders se ondersteunende applous daarop en die absolute stilswye van swart- en gekleurde "teoloë", bevestig dat hulle nie ontvanklik is vir die HEILIGE GEES van GOD-DRIE-ENIG van die ware Christendom nie [Joh.14:16-17].

Verder is die stilswye van Protestantse teoloë kommerwekkend, aangesien die smaadrede teen die HEILIGE GEES daardeur aanvaar word.

Die Afrika-mens se Nkosi gees en die blanke Protestante se Heilige Gees verskil ingrypend van mekaar, en is onversoenbaar.

Die GKK erken en aanvaar dat die religie van die Protestante ingrypend verskil van die religie van die oorspronklike inheemse volke van Afika.
Die vestiging van Van Riebeeck het die weg gebaan vir die vestiging van Protestante, wat voor die moorddadige magte van die Katolieke kerk moes vlug vir hul geloof. Hulle het 'n kontinent ontdek wat vir 5600 jaar sedert Adam en Eva onontwikkel was en dit ontwikkel volgens Westerse norme.
Nou wil die ANC en hul ondersteuners, wat teer op voorheen benadeeltheid, die welvaart wat hulle nie oor 'n tydperk van 5600 jaar in staat was om te skep nie, by wyse van wetgewing konfiskeer en beskuldig Van Riebeeck se koms hierheen as die **oorspronklike sonde.**
Hierdie sogenaamde sondige blanke koloniste het binne 340 jaar, Suid Afrika opgebou tot die rolmodel van state in Afrika.
Na 24 jaar van ANC bewind, het dit wat die koloniste opgebou het, in die woorde van pres. Trump, "shithole" status bereik.

Die GKK raai die parlement derhalwe aan om heroorweging te skenk aan hul beoogde grondwetwysiging.
Die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika se poging tot volhoubare multikulturele demokrasie blyk nie volhoubaar te wees nie en staar die sogenaamde Reënboognasie mislukking in die gesig.

b) <u>Die grondgebied van die RSA eintlik aan die die inheemse volke[4] van die land behoort:</u>

Hy het ook gesê dat die **land behoort aan almal** wat daarin woon[5] en op 27 April het hy gesê dat die Vrystaat die provinsie is waarin, meer as 'n eeu gelede, die beweging wat bevryding van **<u>sy mense</u>** bewerk het, gebore is [6].

Hieruit is dit duidelik dat die mense waarna pres. Ramaphosa verwys, as **sy mense [our people],** volgens hom die inheemse bevolking is en logies hulle wie se vryheidsbeweging meer as 'n eeu gelede in die Vrystaat begin het.

Dit sluit die wit mense uit, aangesien

- die wit mense nie deel is van sy eeu-oue vryheidsbeweging nie,
- en nie deel uitmaak van wat hy met inheems bedoel nie,
- en wie, volgens hom as staatshoof, die oorspronklike sonde "gepleeg" het.

Pres. Ramaphosa se stelling dat die land aan almal behoort wat daarin woon, bedoelende die inheemse volke, en daarmee die blankes uitsluit – ontstel nie net byna al die blankes nie, maar ook [sover bekend] die volgende oposisie partye: VF+, DA en COPE. Volgens pres. Ramaphosa maak die blankes nie deel uit van die legetieme inwoners van die land nie. Hulle eiendom moet gekonfiskeer word, aangesien hulle dit deur sonde bekom het.

Die blankes van hierdie land word hiermee **ontburger**. Hy erken nie die blankes as deel van sy mense nie en ook nie van **sy nasie**[7] nie. Dit kom daarop neer dat die blankes geen bestaansreg in die land het nie.

---

[4] In his response on the issue, Ramaphosa said: "The **taking of land from the indigenous people** of this country was the original sin..."

[5] As we did our minds of all negativity, we should reaffirm our belief that **South Africa belongs to all who live in it.** – Sona 18, 16 Feb.2018 Staatsrede

[6] This is the province where, more than a century ago, the movement that championed the liberation of our people was born.

It was in this province that the women of Bloemfontein, Kroonstad, Winburg and Jagersfontein in 1913 organised the first anti-pass protest in the country.

[7] "We are called on to heal the divisions and the pain of our past and this is a collective task," the president said. "It's not the task of the ANC alone, it's our task as a nation... – 20 Feb. 2018 Repliek op staatsrede.

Die swart inheemse stamme het tydens Van Riebeeck se kolonialisasie van die Kaap, nog nie in Suid-Afrika gewoon nie - sien Aanhangsel 1.

As pres. Ramaphosa se aanspraak dat die land aan die inheemse volk behoort, korrek is, behoort dit aan die Khoisan-volk en nie aan die res van die volke wat hulle mettertyd hier kom vestig het nie. Die Khoisan was die oorspronklike inwoners van groot dele van Suider Afrika, lank voor die swart inheemse volke hierheen uitgebrei het. [Aanhangsel 1]. Selfs Julius Malema is beter as pres. Ramaphosa ingelig oor wie die eintlike inboorlinge van die land is [8].

Aansluitend by pres. Ramaposa se uitlating het Zuma tydens die 2015 feesvieringe in Kaapstad gesê dat die gewillige verkoper / gewillige koper Grondhervormingstelsel nie werk nie en dat 2015 die jaar van grondonteiening sal wees.

Zuma en Ramaphosa se uitlatings is in terme van die grondwet 'n growwe miskenning van ondermeer **godsdiensvryheid, eiendomsreg en burgerskap** en kan die blankes van die RSA seker wees dat die ANC van plan is om hul van alles te stroop, soos uiteengesit in die **Freedom Charter –** Vryheidsmanifes van die ANC.

Zuma het ook volgens 'n berig, sy optrede in die stadion afgesluit deur die feesgangers te lei in die sing van: "Umzini Wam" met die volgende strekking:

> "***We are going to shoot them, and they are going to run. We are going to shoot them with the machine gun."***

[8] The Citicen 25.05.2018 - The commander in chief also spoke directly to those South Africans who referred to African foreigners as "makwerekwere" to stop it.
"We hate one another today, we kill one another today, because we don't know who we are.
"We call people Zimbabweans, we call people Malawians, we call people who come from outside makwerekwere (a slang for foreigners in South Africa). Where else we are makwerekwere ourselves because we come from where those people come from.
"None of us. We come from where those people come from," Malema said.
He said the Khoi and San people were the original inhabitants in South Africa and that no one else was from South Africa.
"We came from the north and the Khoi and the San people were in Southern Africa. The Khoi and the San welcomed us here and we settled here," Malema said.
He said EFF supporters should welcome people from other countries the same way the Khoi and the San welcomed them.
"This is our history," Malema said.
Malema said fellow South Africans should not see people from Tanzania as their enemies, but rather celebrate African leaders such as Dr Kenneth Kaunda of the former Northern Rhodesia, Julius Nyerere of Tanzania and Thomas Sankara of Burkina Faso, who had welcomed the ANC and PAC in exile.

Die blanke Protestant is derhalwe nie welkom binne die grense van die Nuwe RSA nie en word hiermee van sy burgerskap, menswaardigheid en reg op 'n lewe, gestroop.

c) **<u>Die enigste manier om die grondkwessie op te los, geleë is in die onteiening daarvan, sonder vergoeding:</u>**[9]

Die parlementêre proses wat op 27 Feb. 2018 aan die gang gesit is, waardeur blanke eiendom in hierdie land, deur die beweerde oorspronklike inheemse eienaars, wetlik gekonfiskeer sal kan word, kom neer op diefstal, en **diefstal is volgens die Christelike godsdiens, sonde**. Die **oorspronklike sonde**[10] waarna Ramaphosa in sy staatsrede verwys het, moet egter binne godsdienstige konteks verklaar word.

Ramaposa se verwysing na sonde, sluit aan by sy voorganger, die voormalige president Jacob Zuma, se optrede op Saterdag 10 Januarie 2015, tydens die ANC se 103de verjaardagvieringe in Kaapstad, soos hierbo na verwys.

Die Blanke Protestant se teenwoordigheid in die land is die huidige bestel se kern-probleem. Ons word geen bestaansreg hier gegun nie. Ons word nie as **burgers** van die land beskou nie, aldus pres. Ramaphosa se verklaring dat die grond **aan sý mense** behoort en dat die konfiskering **'n nasionale aksie** moet wees.

Die diepliggende verskil in relegie, en die onwrikbare posisie wat relegie in die onderskeie kulture inneem, maak dat sonde vir die Inheemse volk anders is as sonde vir die Protestant.
Die interpretasie en toepassing van die huidige grondwet deur die Inheemse volke, vind nie aanwending vir hulle doel nie. Die feit dat die grondwet en die eiendoms-klousule deur die ANC gepromulgeer is, is per se ironies. Die grondwet en die eiendoms-klousule soos dit nou aanwending vind, is die gevolg van die land se geskiedenis. Die versoek om die eiendoms-klousule te wysig, maak egter geen sin nie en is daar geen gronde voor nie.

Dit is egter duidelik dat gekolonialiseerde grond as oorspronklike sonde binne Afrika konteks reggestel moet word by wyse van die dekolonialisasie van die grond.

Net voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het pres. Paul Kruger vir Milner gesê dat dit nie stemreg is wat

[9] CAPE TOWN – President Cyril Ramaphosa on Tuesday [27 Feb.] said expropriation without compensation **was the only way to resolve the land issue** in South Africa.

[10] In his response on the issue, Ramaphosa said: "The taking of land from the indigenous people of this country **was the original sin**..."

Brittanje vir die fortuinsoekers wil hê nie, maar dat Brittanje die Boere se land wil hê.

Die 1994 Demokratisering van die land het derhalwe nie oor een mens, een stem, gegaan nie, maar oor eiendomsreg. Dit is die land wat Mandela en sy meesteronderhandelaar – Ramaphosa- destyds al wou hê en is in ooreenstemming met hul "Freedom charter".

Vandag erken oud-pres F.W. de Klerk dat hulle destyds deur Ramaphosa uitoorlê is.

Die Grondwetwysigingskomitee sal die handves van menseregte moet wysig en godsdiensvryheid moet herdefinieer om 'n gewysigde artikel 25 binne grondwetlike perspektief te bring. Pres. Ramaphosa het gesê dat hulle die opinie, *dat die beoogde wysiging die gees en bedoeling van die grondwet vernietig*, moet aanspreek [11].

(d) Dat die rasse/etniese verdelings van die verlede pyn veroorsaak en dat dit reggestel moet word [12].

Aansluitend hierby is die Natal Provinsiale wetgewer geopen op 27 Feb. 2018 en het Zulukoning Goodwill Zwelithini sy volk opgeroep om die ontbinding van die Ingonyama Trust te verhoed.

Dit volg op 'n aanbeveling van 'n parlementêre komitee dat die trust waaraan Zululand behoort, ongrondwetlik is.

As president Ramaphosa die **verdelings van die verlede**, wat pyn veroorsaak, **reg wil stel**, sal hy, soos beoog met die parlementêre komitee onder leiding van voormalige adjunkpresident Kgalema Motlanthe, die **Ngonyama Trust moet nasionaliseer**.

Toe die onafhanklike TBVC state, nl. Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei gedurende die einde van die vorige bestel, onregmatig ontbind en ingelyf is by die Nuwe Suid-Afrika, het die Zulukoning hul tradisionele grondgebied in 'n trust geregistreer.

[11] We need to respond to the view that **what we propose** represents **a violation of the spirit and intent of our democratic Constitution**. – repliek op sy staatsrede - https://www.timeslive.co.za/politics/2018-02-20-in-full--ramaphosas-reply-to-the-state-of-the-nation-debate/

[12] "We are called on to heal **the divisions and the pain of our past** and this is a collective task," ... the president said. "It's not the task of the ANC alone, it's our task as a nation... Yes, [EFF leader Julius] Malema, it is your task as it is mine. Maimane - it is your task as much as mine. It will heal the divisions of our past, whether we like it or not that pain persists**... I met a man who said he was moved from District Six to Athlone and that is a pain we must address - a division we must heal."**

Dit beteken dat die Zulu's die enigste etniese groep is wat hul eie grond het en dat dit neerkom op 'n gedeeltelike **voortsetting van die Segregale bestel van voor 1994**. Dit is volgens 'n parlementêre komitee ongrondwetlik en moet die trust volgens die parlementêre komitee, ontbind word.

Andersins moet die voormalige tuislande aan die onderskeie etniese groepe teruggegee word, wat 'n terugkeer na die vorige bestel sal beteken.

Die aanbevelings van die parlementêre komitee het gemaak dat die Zulukoning sy volk opgeroep het om elkeen ten minste vyf rand te skenk sodat regsgeleerdes hul kan help om die ontbinding van die trust te keer.

Die Zulukoning het gesê dat die Zuluvolk, **net soos enige ander volk**, **die reg het om te veg vir hul regte**.

Dit wil dus voorkom of die verdelingspyn van die verlede waarvan pres. Ramaphosa praat, nie deur die Zulukoning in dieselfde lig gesien word nie. Hy wil die verdeling [segregasie] ten alle koste verdedig.

Die president het die volgende opmerking teenoor dr. Buthelezi gemaak tydens sy repliek: "*We will always seek to do what is in the interests of our people. This includes, Honourable Buthelezi, how we will handle the Ingonyama Trust issue.* ***No-one is saying that land must be taken away from our people.*** *Rather it is how can we make sure that our people have equitable access to land and security of tenure."*

In hierdie aanhaling repudieer hy die oogmerke van die parlementêre komitee wat die Ingonyama trust wil beëindig. Verder word alles moontlik gemaak vir **sy mense** om grond en eienaarskap te bekom terwyl die blankes se eiendom gekonfiskeer moet word.

Benewens die Zuluvolk se beoogde behoud van hul etniese en geografiese Trust, het die Khoisan bevolking ook 'n probleem met pres. Ramaphosa se aanspraak op oorspronklike inheemskap en het hulle op 24 September 2107 sesessie toegepas op grond wat volgens hulle aan die oorspronklike inheemlinge van die Kaap behoort: "*On the 24 September 2017, King Khoebaha Calvin Cornelius III engaged in a legitimate and lawful ceremony of secession at the Castle of Good Hope in Cape Town. This ceremony was broadcast live on Conscious Consumer Network, an independent media network, and was completely ignored by the government controlled mainstream media."* [http://sovereignstateofgoodhope.org/]

Dit beteken dat die verdelings van die verlede deur ten minste twee bevolkingsgroepe instand gehou wil word te koste van die man van Athlone wat na distrik ses verskuif is waarna pres. Ramaphosa verwys tydens sy repliek. Weeg die man van Athlone se pynlike verskuiwing as motivering vir Ramaphosa se bestraffing van die segregale beleid van die verlede nou swaarder as die distansiëring daarvan deur die Zulu's en die Khoisan?

Pres. Ramaphosa weet seker nie dat die Boere-Afrikanervolk gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, ongeveer 30 000 kinders en vroue onder haglike omstandighede, in Britse moordkampe/konsentrasiekampe aan die dood afgestaan het nie. Hierdie gebeure het egter baie meer pyn veroorsaak as wat enige ander inheemse volk nog ooit hier in ons land beleef het. Hierdie gebeure kan en gaan nie vergeet word nie en kan glad nie in dieselfde asem genoem word as die Athlone voorbeelde wat deur pres. Ramaphosa genoem is nie.

Die verdelings van die verlede is so oud soos die berge en die ANC regering kan dit nie uit die weg uit ruim nie. Die Ngunistamme het teen die ooskus afbeweeg en die Sothostamme in die sentrale dele vanaf Afrika. Die Koi (Hottentotte) en San (Boesmans) het hier gewoon lank voor die Swartes en Blankes. Hulle het regoor SA gewoon en veral in die waterryke dele oos van die Drakensberge (waar daar steeds Boesmantekeninge te sien is) – sien Aanhangsel 1.

Die inheemse volke van Midde Afrika (Ras: Negroïde) het mekaar verdryf en uitgemoor toe hulle hier ingetrek het - sien Difaqane[13]. Swartmense (Ras: Negroïde) is nie verwant aan die Koi- en San (Ras: Kapoïde) nie.

> Die poging van die ANC [wat 'n politieke konglomeraat van inheemse volke is], om die sogenaamde pynlike verdelings van die verlede te beëindig deur die inheemse kultuur van die verskillende inheemse volke van Afrika te

[13] Mfecane (isiZulu, Zulu pronunciation: [m̩fɛˈk|aːne][note 1]), also known by the Sesotho name Difaqane or Lifaqane (all meaning "crushing, scattering, forced dispersal, forced migration"[1]), was a period of widespread chaos and warfare among indigenous ethnic communities in southern Africa during the period between 1815 and about 1840.

As King Shaka created the militaristic Zulu Kingdom in the territory between the Tugela River and Pongola River, his forces caused a wave of warfare and disruption to sweep to other peoples. This was the prelude of the Mfecane, which spread from there. **The movement of people caused many tribes to try to dominate those in new territories, leading to widespread warfare**; consolidation of other groups, such as the Matabele, the Mfengu and the Makololo; and the creation of states such as the modern Lesotho.

Mfecane refers to the period when Mzilikazi, a king of the Matabele, dominated the Transvaal. During his reign, roughly from 1826 to 1836, he ordered widespread killings and devastation to remove all opposition. He reorganised the territory to establish the new Ndebele order. The death toll has never been satisfactorily determined, but the whole region became nearly depopulated. Normal estimates for the death toll range from 1 million to 2 million. [2] [3][4][5][6]

vervang/integreer met identiteitslose Kommunisme, kan-en sal nie slaag nie. Dit sal lei tot die vernietiging van die huidige bestel. Die enigste oplossing vir die vreedsame bestaan van verskillende volke is die voortsetting van etniese selfregering soos Lesotho, Swaziland en Botswana, wat almal voorheen deel van die Britse Kolonie was.

Die voortsetting van die Britse segregale beleid sal wees om die Ingonyama Trust selfstandigheid [onafhanklikheid] toe te ken, asook om die ander etniese trustgronde na selfstandigheid te lei. Dit geld ook vir die gelykberegtiging vir die Blankes, Kleurlinge en Khoisan van die land. Dit is strydig met die gedagte om SA in te lyf by 'n Nuwe Wêreldorde waar geen individuele eiendomsreg toelaatbaar sal wees nie – Aanhangsel 1 en voetnotas 17 en 18

Die enigste manier om die grondkwessie op te los, is nie geleë in die onteiening daarvan sonder vergoeding nie, maar in kulturele [etniese] selfbeskikking.

2. **Op 27 Feb. het die parlement met 'n twee-derde meerderheid besluit om artikel 25 van die Grondwet te wysig, sodat die regering grond kan onteien sonder vergoeding.**

Die wysigingsklosule van die Grondwet maak dit die swakste grondwet denkbaar.
Demokrasie kan net binne 'n homogene etniese [kulturele] samelewing regverdig funksioneer.

Multikulturele demokrasie lei tot die vernietiging van die minderhede, soos wat met die meerderheids wysiging van die grondwet bewys word. Uiteindelik sal dit selfs die kleiner inheemse stamme nadelig affekteer, soos wat die Khoisan volk reeds van kan getuig.

Die meerderheid eien hulself die inheemse status toe wat die Khoisan volk toekom en beskuldig die Blanke koloniste van diefstal. Hulle wat die oorspronklike volk van Suid Afrika was, het nou geen seggenskap en word onteien van hul status as die eerste volk en aanspraakmakers. Dit terwyl die aanspraak as sulks geen geldige gronde het nie.

Daar is goed gedokumenteerde geskiedkundige bronne van hoe grond in hierdie land bekom is.
Die president se beskuldiging dat die Blanke koloniste dit gesteel het, is 'n infame leuen. Malema bevestig dit.

3. **Tydens pres. Ramaphosa se 17 April 2018 besoek aan Minister Theresa May, Brittanje se eerste minister,** het sy gesê dat Brittanje gereed is om die ANC Regering se transformasie en Nasionale

ontwikkelingsplan te ondersteun en het boonop R857m bewillig om die land meer aantreklik te maak vir onder andere Britse beleggers.[14]

> Dit beteken dat Brittanje die grondonteiening deur die ANC ondersteun en **nie vrees dat Britse beleggers daardeur benadeel sal word nie**. Dit beteken dat Brittanje, en waarskynlik ander internasionale beleggers, se **eiendom reeds verskans is in terme van die beoogde wysiging van artikel 25** en nie onteiening in die gesig staar nie.
> Onteiening blyk dus net op Suid Afrikaanse blankes gerig te wees. Indien dit die waarheid is, is Brittanje nog altyd die vlieg in die salf en soos voorheen agter die skerms die stigter van onmin met selfverryking in gedagte.
> Die feit dat Brittanje die voorgestelde optrede van die ANC steun, is 'n direkte kontakbreuk van die Vredesverdrag van Vereniging, waarin die Boere-Afrikanervolk se grondregte duidelik uiteengesit is (31 Mei 1902).

4. <u>Vryheidsdag:</u>

Met die herdenking van vryheidsdag op 27 April 2018 het pres. Ramaphosa onder andere gesê dat hulle dankbaar is vir die ondersteuning van die internasionale gemeenskap en dat hulle internasionale kampioene van demokrasie, vrede en menseregte wil wees.

Verder het hy gesê dat hulle hul leiersposisie en lidmaatskap van SADC, Bricks, G20, Statebond en ander internasionale organisasies sal gebruik om **'n nuwe wêreldorde** daar te stel, gegrond op gelykheid, waardigheid en wedersydse respek [15] .

> Die GKK is nie ten gunste van deelname aan 'n nuwe wêreldorde nie. Alhoewel dit vir die wêreldling geprofeteer is in Openbaring 13, druis dit in teen die Gees van die Protestant, wat nie die merk van die Dier sal aanvaar nie.
> Soos reeds gesien, verskil die geesteringesteltheid [kultuur] van die Protestant en dié van die Afrika Inheemse volke, ingrypend.

[14] They discussed the potential for "reinvigorating and revitalising the partnership between the UK and South Africa, and May said Britain was ready to support South Africa's transformation and National Development Plan.
"They agreed £50m (R857m) new UK funding across the next four years to help South Africa improve its business environment to make it more attractive to investors including in the UK, and ultimately lift some of the poorest people in South Africa out of poverty by creating jobs and opportunities. The funding will be used to help identify and dismantle barriers to trade within Africa and beyond, creating a wealth of opportunities for UK business over the coming years,"
https://www.news24.com/SouthAfrica/News/ramaphosa-scores-r857m-uk-funding-from-prime-minister-may-20180417

[15] We remain grateful for the solidarity and assistance that we received from the international community, and are determined that we ourselves should be champions of democracy, peace and human rights across the world. We will use our leadership and membership in SADC, BRICS, the G20, the Commonwealth and other international bodies to forge a new world order founded on equality, dignity and mutual respect.
Our democratic breakthrough was a huge victory for this continent and the freedom-loving nations of the world.

Met verwysing na die onderskeie organisasies, wil die GKK waarsku dat die regering hul laat meevoer deur internasionale programme waarbinne privaat grondbesit onwettig sal wees, en sluit die hersiening van artikel 25 aan by bv. Agenda 21[16] en die Illuminati se program van beginsels [17] .

Tot dusver het die regering maar 6.3% grond [18] onder die grondhervormings-skema aan swart eienaars oorgedra. 93% begunstigdes van grondeise verkies finansieële kompensasie. 'n Skrale 1% inwoners van die RSA glo dat grondhervorming hul lewensgehalte sal verbeter. [Eindnota [iii]]

Die ANC se grondhervorming en grondkonfiskering is eerder politieke speelballe as wat dit 'n publieke behoefte aanspreek. Dit is eerder 'n stap ter internasionalisering van grond om in te val by Ramaphosa se beoogde instelling van die Nuwe Wêreld Orde. Dit is nie die uitvoering van die breë publiek se wil nie.

Die GKK wil ook hiermee die huidige bestel waarsku om hulself nie aan gierigheid oor te gee soos in die geval van koning Agab, nie. Hy het leuens opgedis en Nabod statutêr vermoor ten einde sy grond te bekom. Dit het tot koning Agab se dood gelei. Sien Aanhangsel 2

Slot

Die GKK se strewe is om binne die voorsienende Hand van God Almagtig die tuiste vir die Boer-Afrikanervolk te bestel. Dit sluit aan by die onvervulde klousule van die Gelofte van Bloedrivier m.b.t. die stigting van die huis, waar dit ons God sal behaag.

Die GKK erken dat die Boere-Afrikanervolk [Geloftevolk] nalatig is m.b.t. die onderhouding van verskeie Bybelse voorskrifte en nie hul Geloftes na behore onderhou het nie en derhalwe tans onder die huidige bestel as strafgerig verkeer - Deut. 23:21-23 en Pred. 5:3-5.

Die GKK besef ook dat die grondgebied wat met die aangaan van die Paardekraal Gelofte, geografies neerkom op die Boererepublieke van Die Transvaal [ZAR] en Die Oranje Vrystaat. Dit beteken dat God vermelde Republieke aan dié Volk toegeken het by wyse van die Gelofte. **Dit is derhalwe die GKK se strewe om volgens God se wil**

[16] http://finalwakeupcall.info/en/2015/10/21/agenda-21-converted-into-2030/

[17] The Illuminati and The Council on Foreign Relations - address by Myron C. Fagan, one of the pioneer Conspiracy scholars of the Twentieth Century - http://www.biblebelievers.org.au/illuminati.htm

